Die Klein Prinsie maak vriende

Om te luister na die ongehoordes

Frik Smith - Driehoek

Hermeneutiese kommunikasie as basis vir 'n luisterproses

"If you are not influenced by my uniqueness
I will always be another peanut in your eyes."
Stephen Covey

Dit is net logies dat ons mét mense en nie óór mense sal praat nie. In die gaydebat moet ons bewus wees daarvan dat ons verstaan van die huidige situasie, alreeds gevorm is deur ons verstaan van die klassieke tekste en deur ons persepsie van die Christelike geskiedenis. Ons voorveronderstellings is so gekanoniseer, deur oordrag van generasie tot generasie, dat ons taal onbewustelik die saak verder verduister.

Daarom is 'n hermeneutiese kommunikasie tussen alle betrokkenes onontbeerlik. Toepassing kom nie eers aan die einde van verstaan, wanneer ons die feite rondom homoseksualiteit uitgesif en dan die res saam met die semels weg te gooi nie. Dit is eerder 'n integrale deel van die verstaansproses en daarom alreeds deel van die bronne van verstaan.

Hierin speel die Skrif natuurlik 'n normatiewe en kritiese rol. Die wyse waarop God egter tot dusver onder woorde gebring is ten opsigte van homoseksualiteit, het in die tradisie slegs binne die patriargale waardepatroon plaasgevind. Daarom is 'n *'hermeneutic of suspicion',* 'n model wat die androsentriese vooroordeel wat die gevolg is van eeue se suiwer manlike teologiebeoefening blootgelê, dringend noodsaaklik.

Volgens Fiorenza moet ons strewe na 'n *'co-humanity engendered by the power of the Spirit.'* So 'n medemenslikheid in die kerk waar die Gees nie ingeperk word deur vooroordeel en konvensie nie, pas by die kerk van Christus. Die kerk sal moet bewus wees van die gefosileerde houdings in sy midde teenoor gaypersone en hoe kerklike praktyke dikwels daaraan uitdrukking gee. Hermeneutiese kommunikasie poog nie net om die boodskap wat die ander persoon probeer oordra te verstaan nie, maar ook om die ander een as mens te verstaan.

Op 'n sekere vlak kan die gaydebat vergelyk word met die klein prinsie in die klassieke werk van Antoine de Exupery. In die verhaal word St Exupery geforseer om 'n noodlanding te doen terwyl hy oor die woestyn van Afrika vlieg. Die kerk, soos die gestrande loods, probeer om sy "stukkende" masjien reg te maak sodat hy vinnig uit hierdie situasie kan kom. Die klein prinsie se avonture kan ons egter help in ons kerklike woestyn waaruit ook ons, so vinnig as moontlik wil kom.

Die klein prinsie se doel was om so gou as wat hy die aarde bereik, vriende te maak. Toe hy land op aarde, het die klein prinsie eerste die goue slang ontmoet. Die slang kon hom dadelik binne 'n paar sekondes doodgepik het, maar hulle het 'n vriendelike gesprek en 'n belangrike ooreenkoms word bereik.

Volgende ontmoet die klein prinsie die jakkals. Een van die eerste dinge wat hy vir die jakkals sê, is dat hy op die uitkyk is vir vriende. Jakkals vra hom daar en dan om sy vriend te wees.

> "Maak my mak," sê die jakkals.
>
> "Wat beteken – 'mak te maak?'"
>
> "Dít word té dikwels nagelaat," sê die jakkals. "Dit beteken om bande te smee."
>
> "Vir my, is jy steeds niks meer as 'n klein seuntjie wat soos duisende ander klein seuntjies is nie."
>
> Toe vra die klein prinsie: "Wat moet ek doen om jou mak te maak?"
>
> "Jy moet baie geduldig wees," antwoord die jakkals.
>
> "Eers sal jy op 'n afstand van my af moet gaan sit – só – doer in die gras. Ek sal uit die hoek van my oog na jou kyk en ek sal niks sê nie. Woorde is dikwels die bron van misverstand, maar jy sal elke dag 'n bietjie nader aan my kom sit...
>
> "En nou, hier is my geheim, 'n baie eenvoudige geheim: **Dit is alleenlik met die hart wat jy reg sal kan sien; wat wesentlik saak maak, is onsigbaar vir die oog**."

Daarmee word een van die grootste geheime van luister aan ons gegee. Ons sal geduldig moet wees en mekaar met die hart moet sien. Ons moet die wesentlike van die ander een raaksien. Alleen dan kan ons bande smee.

Wanneer die jakkals die klein prinsie net as 'n kleinseuntjie sien, wat soos duisende ander seuntjies is, het hy hom gereduseer tot statistiek. Hy het hom geklassifiseer. Die klein prinsie word dan in die doofpot van "kleinseuntjies" geplaas. Dit is alleen wanneer hy daar uitgehaal word dat hy erken sal word as die unieke individu wat hy werklik is. In die proses van die makmaak van die jakkals, moet ook die jakkals, uit die doofpot gehaal word wat gemerk is: "jakkalse". In 'n vervolgingskonteks is 'n Paulus- en Ananias-bekering noodsaaklik (Hand 9).

In ons kerklike lewe is ons ten spyte van die een nuwe mensheid (Ef 2:11-22) steeds geneig om mense statisties te sorteer. Dit, net soos in die geval van die klein prinsie, vernietig die wesentlike van die mense waaroor ons praat. Ons kan mekaar wedersyds klassifiseer as "*moffies*" en "*baby makers*", máár is enige statistiese klassifikasie van mense 'n voldoende beskrywing? Is elkeen van ons nie netso uniek soos die klein prinsie nie? Om werklik te luister, kan ons nie mense statistiek maak nie. Ons kan alleen bande smee met individue, nie met items in 'n statistiese groep nie.

Daar is natuurlik gevare. Die gaydebat gaan ophou wanneer ons ophou om mekaar statisties te klassifiseer. Dit kan baie teleurstellend wees vir sommige aandeelhouers in die kerk, media en gemeenskap. Homofobie sal byvoorbeeld uit die kas moet kom. Verder is ons almal maar geneig daartoe om so gou as moontlik ons masjien aan die gang te kry en die woestyn te verlaat. Die seisoen van luister vra egter dat ons vriende sal maak. Ons sal na mekaar loer uit die hoek van ons oog en so bande smee – dalk mekaar selfs makmaak. In die seisoen van luister is ons immers in die werkswinkel van die altyd teenwoordige en herskeppende Gees...en wie weet...?

Die Klein Prinsie

http://www.spiritual.com.au/articles/prince